TRANSVAAL VOORTREKKERS
SWARTVLEI 2018 - 26 JAAR
"DROOM GROOT"

Postnet Suite 23
Privaatsak X14
Pinegowrie, 2123

Geagte Kommandoleier / AKL Administrasie,

Aangeheg vind asseblief die kampbriewe vir vanjaar se Swartvlei Seekamp. Dupliseer die nodige inligting en oorhandig dit asseblief aan al u Kommando se Penkoppe en Drawwertjies se ouers en Offisiere vir verspreiding.

Die **sluitingsdatum vir inskrywing en deposito's is 19 MEI 2018. Deposito is R1500.00 per inskrywing.** Tweede betaling moet inbetaal word voor **1 Junie 2018.** Kampgelde kan ook vol betaal word met inskrywing.

Snoepie geld kan ook nou op die inskrywing aangedui word en inbetaal word saam met die kampgelde.

Die skakel na die elektronies inskrywing is beskikbaar op ons webwerf:
www.swartvlei.co.za

Registrasienommer:
Dit is uiters belangrik dat alle jeuglede se inskrywings vergesel word van 'n **Voortrekkerregistrasienommer**. Dit skep baie probleme indien dit nie ingesluit word nie. Voortrekkers wie se registrasie nie afgehandel is voor die busse vertrek nie, sal nie op die bus toegelaat word nie. ***Ouers/volwassenes wat die kamp gaan bywoon en nie Heemraads Lede is nie, moet registreer as 'n Vriend van die Voortrekkers by die Gebiedskantoor of 'n Vrywaringsvorm voltooi.***

Bankbesonderhede:

TRANSVAALSE VOORTREKKERS, SWARTVLEI ABSA Menlyn (Takkode 632 005) (*VERWYSING KOMMANDONAAM*)	Tjekrekening	nommer	1460	148	355

Kansellasies:
Indien 'n inskrywing ná **1 Junie 2018** gekanselleer word, verbeur die persoon sy volle inskrywingsgeld. Plaasvervangers kan wel gestuur word sonder enige ekstra koste tot 16 Junie 2018. **Deposito's is nie as kampgeld oordraagbaar aan 'n ander persoon nie.**

Kursusbenodigdhede:
Volledige lys sal aan Kommandoverteenwoordigers gegee word tydens die Inligtingsvergadering. Kommando's moet verkieslik '**n offisier per 10 kinders ook inskryf**, anders ontstaan probleme met die administrasie en logistieke reëlings.

Opleidings- en Inligtingsvergadering:
Bywoning deur alle offisiere en ander volwassenes wat die kamp gaan meemaak : VERPLIGTEND
Saterdag 02 Junie 2018 om 09:00 – 13:00 by Polslag Voortrekker Terrein. Gloverlaan 264, Lyttelton, Centurion
GPS Koördinate: 25°84'46.93"S 28°19'93.86"E

Groete

NAVRAE

Tekkies Kotze	**Kampleier**	**082 852 6171 Sel** e-pos: swartvlei.kaptein@gmail.com
Annerie Kotze	**Kamp Administrasie**	**083 415 2186 Sel** **e-pos: swartvlei.pdkamp@gmail.com**
Anita Bezuidenhout	**Kamp Finansies**	**082 451 1549 Sel** **e-pos:** Swartvlei.finansies@gmail.com